# VRYPOS

Tweeweeklikse Nuusbrief van die **NG Kerk Vrystaat**



ERFENIS-UITGAWE

# Koninkrykstyd

**15 SEPTEMBER 2023** | JAARGANG 21

UITGAWE
**15**

# INHOUD


## 03 VRYPOS-FOKUS

03 Bedieningsbegeleiding | **Vrystaat Rings-kommissie-werkswinkel**. *Stand van Leraars en Gemeentes*

## 04 ARTIKELS

04 Bedieningsbegeleiding | **LIEFDESVERBOND – 'n Gesprek met emeritus-prof John de Gruchy**

04 Bedieningsbegeleiding | **Bloukraanvoëls: Simbool van 'n intensionele gemeenskap?**

04 Bedieningsbegeleiding | Ekologie: **Ons begin vier die Seisoen van Skepping**

04 Bedieningsbegeleiding | Ekologie: **SANParke bied GRATIS besoeke in Nasionale Parkeweek**

04 Bedieningsbegeleiding | ***The Journal of Systematic Theology*** (Volume 3 | Uitgawe 3)

04 Vennote in Getuienis | **Groeperinge in Islam**

06 Afrika-Ekumene | **"Ons loop in die voetspore van die sendelinge in Malawi …"**

06 Afrika-Ekumene | **"My betekenisvolle besoek aan Malawi – *dr Leon Foot vertel***

06 Afrika-Ekumene | **'n Reis van geloof en samewerking: Ons besoek aan Mosambiek**

06 Afrika-Ekumene | **Die IRM Sinode Mphatso raak meer missionaal**

06 Algemeen | **Ons geestelike erfenis word in argivalia bewaar**

06 Algemeen | **Waarderingsdag** (8 Oktober 2023)

## 07 VERBI DIVINI MINISTER

07 Kontemplatiewe aanbidding: Taizé dienste?

## 09 DIS 'N RING-DING

09 Ring-projekte | **Ring van Smithfield**

## 10 MEDIATEEK

10 Boek en Inventaris | **DF Malan en die opkoms van Afrikaner-nasionalisme**

## 11 EKOLOGIE

11 Internasionale Dag vir die Bewaring van die Osoonlaag

## 12 AKTUEEL ALGEMEEN

12 Bybelkor - Bybelstudies | CLF

14 Advertensies

## 16 OPLEIDING

## 17 PUBLIKASIES BROKKIES UIT KERKBODE

## 18 KALENDER

## 19 BETREKKINGS

## 20 VERJAARSDAE

## 21 *BLÊR*-REEKS KINDERSTORIES

## 23 'N LAASTE GEDAGTE

## 24 KONTAK ONS

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal | Leon M Foot | Magdaleen du Toit Henco van der Westhuizen Enrico Casaleggio | Nándor Sarkady | Janke Hurter | CLF René Wessels | Bybelmedia Kerkbode | Getuienisaksie Eenheidsbediening | NHKA Blitspos | *Blêr* | VrydagNuus, Kaapkerk | Martin Schwella

# LOER, LEES EN LEER

saam met ons in hierdie uitgawe en laat weet ons asseblief wat jy dink!

# DAGBOEK DÍT

**GERONTOLOGIE NETWERK**
**11 OKTOBER** | 09:00-12:00
Tema: **Demensie, wat nou?**
Spreker: **Dr Rayne Stroebel**
Fokus op wat demensie is, diagnose en die impak wat dit op die persoon en diegene wat versorg, het.
**GRATIS** | Engo-saal, Aandbloem

# VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 29 September**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


## BYDRAES EN NAVRAE

cmclean@ngkvs.co.za

# CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za



VRYPOS-FOKUS

# VRYSTAAT **RINGSKOMMISSIE**-WERKSWINKEL

## *Stand van Leraars en Gemeentes*

DEUR MARIËTTE ODENDAAL

"Een van die belangrikste kopskuiwe wat nodig is, lê in ons persepsies van wat 'n gemeente is. Ons gewone siening is dat 'n gemeente 'n predikant en 'n kerkgebou moet hê om regtig kerk te kan wees. Dit is nie die prentjie wat ons uit die Nuwe Testament kry nie. Daar gaan dit eerder oor die gemeenskap van gelowiges, diens en die verkondiging van die evangelie."

***Dr Lourens Bosman***

Tydens die onlangse ringskommissie-werkswinkel van die NG Kerk Vrystaat Sinode wat vanaf 4 tot 6 September op Clarens gehou is, is indringend oor 'n paar gemeentesake besin.

Een van die onderwerpe waaroor daar gepraat is, was die stand van leraars en gemeentes.




*Foto: Vrystaat-ringe. Canva.com*

Prof Kobus Schoeman, voorsitter van die Taakspan Navorsing van die NG Kerk se Algemene Sinode, en dr Lourens Bosman, algemene bestuurder van die NG Kerk se Algemene Sinode, was verantwoordelik vir die verwerking van navorsingsdata (vanaf 2018 tot 2022) wat hulle van gemeentes ontvang het.

Volgens Kobus is dit van groot belang om eers sekere aspekte in ag te neem voordat daar na die bevindings gekyk word. Hy verduidelik:

"Die impak van Covid-19 op die samelewing, gemeenskappe en die kerk is nog nie ten volle uitgewys en ondersoek nie. Die pandemie het egter 'n skerp fokus op die ongelykhede en armoede binne die Suid-Afrikaanse samelewing laat val. "Die verskillende vlakke van inperking tydens die grendeltyd; die handhawing van sosiale afstand en die gebruik van digitale kommunikasie is enkele aspekte wat in dié tyd 'n wesenlike invloed op die gemeentelike bediening gehad het en nog steeds het."

Watter data is gebruik om die impak daarvan te bepaal?

"Twee kwantitatiewe gemeente-opnames van Kerkspieël, een in September 2018 en die tweede in September 2022, is as 'n empiriese lens gebruik om die impak van die pandemie op gemeentes in die NG Kerk te illustreer. Die volgende twee vrae kom aan die orde: Wat leer ons uit 'n vergelyking tussen die twee opnames, en tweedens, watter aanpassings behoort in die lig hiervan in die gemeentelike bediening gemaak te word?"

Die responskoers van die twee aanlyn gemeente-opnames was:

- 2018: 836 gemeentes uit 1 096 (76,3%)
- 2022: 811 gemeentes uit 1 062 (76,4%)

Die twee opnames gee dus 'n betroubare aanduiding van die stand van gemeentes.

Kobus, julle kon 'n hele paar hoofstroom-tendense uitwys na aanleiding van die navorsingsresultate. Vertel ons kortliks meer daarvan.

"Die gemeentedata is in ringsverband verwerk. Elke ring ontvang 'n verslag van die stand van die gemeentes in die ring wat aan die opname deelgeneem het.

"Ons navorsing het die volgende resultate uitgewys: Ten opsigte van finansies is daar bepaal dat meer gemeentes se inkomste met minder as die inflasiekoers (van 45% in 2018 tot 48% in 2022) gegroei het.

"Daar was egter 'n effense styging (1,1%) in die persentasie van gemeentes wie se inkomste bo die inflasiekoers groei.

Lees meer »

# ARTIKELS


UIT DIE SINODE

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volmoed

## LIEFDESVERBOND – 'n Gesprek met emeritus-prof John de Gruchy

*Magdaleen du Toit, Spiritualiteit Netwerk*



Lees hier

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volmoed

## Bloukraanvoëls: Simbool van 'n intensionele gemeenskap?

*Magdaleen du Toit, Spiritualiteit Netwerk*



Lees hier

BEDIENINGSBEGELEIDING

Ekologie

## Ons begin vier die Seisoen van Skepping

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



Lees hier

BEDIENINGSBEGELEIDING

Ekologie

## SANParke bied GRATIS besoeke in Nasionale Parkeweek

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



Lees hier

BEDIENINGSBEGELEIDING

Volume 3 | Uitgawe 3

## *The Journal of Systematic Theology*

*Dr Henco van der Westhuizen*
*Digitale Bediening Netwerk*



Lees hier

VENNOTE IN GETUIENIS

Werkgroep vir Islam

## Groeperinge in Islam

*Enrico Casaleggio*
*Vennote in Getuienis*



Lees hier

VRYSTAAT

# BRANDE

**HELP ONS OM DIE BOEREVERENIGINGS TE HELP**

met **finansiële bydraes vir brandstof** om voer na die areas wat deur die brande verwoes is, te neem.

# HOOPFONDS

**ONS KORT JOU HULP!**

**NG Kerk Vrystaat**

**Nedbank | Tjekrekening 1178 097 218 | Takkode 198765**

**Verwysing: VS-Brande**

Diens van Barmhartigheid, ds De la Harpe le Roux

083 232 1051 /dlh@ngkvs.co.za



# ARTIKELS

## AFRIKA-EKUMENE | ALGEMEEN

AFRIKA-EKUMENE

Malawi

### “Ons loop in die voetspore van die sendelinge in Malawi ...”

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Malawi

### “My betekenisvolle besoek aan Malawi – *dr Leon Foot vertel*

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

Mosambiek

### ‘n Reis van geloof en samewerking: Ons besoek aan Mosambiek

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*




**Lees hier**

AFRIKA-EKUMENE

IRM Sinode

### Die IRM Sinode Mphatso raak meer missionaal

*Oorgeneem uit VrydagNuus, Kaapkerk*



**Lees hier**

ALGEMEEN

Kerkargief-konferensie

### Ons geestelike erfenis word in argivalia bewaar

*Oorgeneem uit NHKA, Blitspos*



**Lees hier**

ALGEMEEN

Sondag 8 Oktober 2023

### Waarderingsdag

*Dr Leon M Foot*
*Skriba van die Moderamen*




**Lees hier**

# ARTIKELS

## VERBI DIVINI MINISTER



# KONTEMPLATIEWE AANBIDDING: Taizé dienste?

**Deur** ds Janke Hurter, Erediens Netwerk

Daar is verskillende maniere waarop ons as gelowiges God saam kan aanbid. Kontemplatiewe aanbidding is een so 'n manier. Ek deel graag van die insigte wat tot dusver in my eie reis na 'n dieper verstaan van kontemplatiewe aanbidding na vore getree het. Hiermee erken ek ook dat hierdie skrywe inleidend is en dat daar veel meer is wat 'n mens onder elk van die volgende punte sou kon sê.

In sy werk genaamd *Christian Contemplative Thought and Practice in the Contemporary World* (2019) verduidelik Douglas E. Christie dat daar vandag verskillende terme aangewend word om te verwys na praktyke van stilwees, refleksie en nadenke wat sentraal staan in kontemplatiewe aanbidding. Woorde soos Christelike meditasie, "centering prayer", kontemplatiewe praktyke kan onder andere hieronder gelees word. 'n Eietydse gebruik van die begrip "kontemplatief" is dus buigbaar en vloeiend.

Alhoewel 'n groeiende belangstelling in kontemplatiewe praktyke opmerklik is, is dit nodig (veral wanneer ons dan ook verder vanuit 'n gereformeerde tradisie na kontemplatiewe aanbidding wil kyk) om kennis te neem van hoe kontemplatiewe spiritualiteit in die verlede ontvang is. In sy werk *Om te "preek met die pen" as vorm van die Kartuiser-tradisie van praedicare manibus ("preek met die hande")* (2013) wys Hansen hoe die mistieke al in die verlede met suspisie en weerstand ontvang is binne gereformeerde kringe. Of daar 'n verband bestaan tussen die mate waarin kontemplatiewe geleenthede deur gemeentes aangebied word en die wyse waarop kontemplatiewe praktyke in die verlede ontvang is, is 'n ander vraag. Vanuit die reaksie op 'n vraag na kontemplatiewe aanbiddingsgeleenthede wat deur NG gemeentes in die Vrystaat aangebied word in 'n predikantegroep op Facebook, kan afgelei word dat die kontemplatiewe geleenthede wat deur gemeentes in die Vrystaat aangebied word, taamlik min is. Sou ons dan ook verder wil nadink oor kontemplatiewe aanbidding soos voorgehou in sogenaamde "Taizé-dienste", is dit belangrik om kennis te dra van die Taizé-gemeenskap in Frankryk wat agter die Taizé-liedere en gebede lê. *In A community called Taizé: A story of prayer, worship and reconciliation* (2008) vertel Jason Brian Santos hoe Taizé ontstaan het as 'n klein dorpie in Frankryk waar 'n ekumeniese gemeenskap van monnike net ná die Tweede Wêreldoorlog bymekaar gekom het. Die beweging en die gemeenskap is begin deur broer Roger Schutz, 'n Protestant, wat oortuig was van die belangrikheid van Christelike eenheid. Vinnig het dit gebeur dat mense die gemeenskap besoek het en saam met die Taizé-inwoners gebid het. Verskeie aanpassings is gemaak aan liedere wat in die gemeenskap gesing word in 'n poging om die besoekers wat van verskillende lande en denominasies afkomstig was, te akkommodeer.

Lees meer »

© 2023 | NG Kerk Vrystaat

**GRATIS**

Gerontologie
Betekenisvolle **veroudering**

# DEMENSIE
# WAT NOU?

*Dr Rayne Stroebel*



## Temas

**Wie is ek** - 'n blik op die persoon agter die diagnose van demensie.

"Gaan kry jou sake in orde..." - **ek het demensie, wat nou?**

Fokus op wat demensie is, diagnose en die impak wat dit op die persoon en diegene wat versorg, het. Hy kyk diep na die Siel van die persoon wat leef met demensie.

www.youtube.com/watch?v=Xwz_gXj9k8s

**ENGO-SAAL** | NG GEMEENTE AANDBLOEM

**11 OKTOBER | 09:00 - 12:00**

**082 783 0730**

**WhatsApp "JA"** om te RSVP | 29 Sept

# RINGE

*In samewerking met*
***Sinodale Bedieninge***




*Deur* ***Mariëtte Odendaal***

## Ring van Smithfield

"Tydens die **NGKA-basaar** het ons gemeente vervoer, asook tafels en braaiers verskaf. Ons het gehelp braai, verkoop en ook saam met die NGKA-lede pannekoek gebak."

***Ds Horace van Coller**, skriba van die Smithfield-Ring*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2022/23-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elkeen van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike ring-projekte te ondersteun. Die versoek was dat diens in samewerking met 'n sinodale bediening gelewer moes word.

"Wat die Ring van Smithfield betref, is daar by die sinodale bedieninge Diens van Barmhartigheid, Bedieningsbegeleiding en ook Vennote in Getuienis ingeskakel," vertel ds Horace van Coller, ringskriba van die Ring van Smithfield en predikant van die NG Gemeente Dewetsdorp. Ons het meer gaan uitvind.

"In die geval van die Ring van Smithfield is daar egter nie R30 000 nie, maar 'n pro rata-bedrag van R40 000 op verskeie projekte ten bate van ons verskeie ringsprojekte aangewend," verduidelik ds Van Coller.

### Hoe is dié fonds in jul ring aangewend?

"Die nege gemeentes in ons ring het die fonds as volg aangewend: Zastron het hul deel aangewend vir 'n plaaslike projek by die ouetehuis, 'n Kersete en voorsiening van kospakkies.

"In Bethulie en Hobhouse is hul gedeelte van die fonds ook aangewend vir die voorsiening van kospakkies.

"In Edenburg, Vanstadensrus en Wepener is dit aangewend vir barmhartigheidswerk.

"By Rouxville is dit gebruik vir 'n ete vir bejaardes, asook om hulpbehoewendes by te staan.

"In Dewetsdorp het ons die fondse gebruik om die plaaslike NGKA-gemeente met befondsing ten behoewe van hul basaar te ondersteun. Daarmee is gehelp om speserye, verpakking en ander noodsaaklikhede aan te koop.

Lees meer »

# DF Malan

## en die **opkoms van Afrikaner-nasionalisme**

*In 1948 het die **NG dominee D.F. Malan** die Nasionale Party tot politieke oorwinning gelei. Vir die meeste Afrikaners was dit die verwesenliking van 'n jare-lange droom. Om Malan as mens te verstaan, is om te verstaan hoe die Afrikaners hulself uit die as van die Anglo-Boereoorlog in 'n nasie omskep het.*

Skrywer | **Lindie Koorts**

EERSTE UITGAWE IN 2014
DEUR TAFELBERG, NB-UITGEWERS




***Oorgeneem uit*** *Daily Maverick © All rights reserved; © 1996-2023, Amazon.com, Inc.*

## MEDIATEEK | **INVENTARIS**

Loer gerus na die **Mediateek** van die NG Kerk Vrystaat Sinodale Kantoor se volledige inventaris.

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**





## OSOONLAAG

**Oorgeneem** | *VrydagNuus Kaapkerk, 15 September 2023*

Die osoonlaag, 'n brose skild van gas, beskerm die Aarde teen die skadelike gedeelte van sonstrale en help sodoende om lewe op ons planeet te bewaar. Die uitfasering van beheerde gebruike van osoon-afbrekende stowwe en die verwante verlagings het nie net gehelp om die osoonlaag vir hierdie en toekomstige geslagte te beskerm nie, maar het ook aansienlik bygedra tot wêreldwye pogings om klimaatsverandering aan te spreek. Verder het dit menslike gesondheid en ekosisteme beskerm deur die skadelike ultraviolet-straling te beperk om die Aarde te bereik. Vanjaar word die Internasionale Dag vir die Bewaring van die Osoonlaag op 16 September gehou onder die tema, Montreal-protokol: Herstel van die osoonlaag en vermindering van klimaatsverandering. Kyk gerus na 'n video daaroor HIERONDER.

UN environment

Kyk hier »


bybelkor
Bybelstudies
Vir jou, jou mense en jou gemeente
www.bybelmedia.org.za



Spesiale aanbod
15% AFSLAG
wanneer u R500* of meer se Boeke aankoop.
Aanbod geldig tot 30 September 2023
KOOP NOU
*Afslag is nie op posgeld van toepassing nie
CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS





Loop vir Hoop
Walk for Hope
Tsamaya bakeng sa Tshepo

PILGRIMAGE OF HOPE • PELGRIMSTOG VAN HOOP



Academic and Theology Books
Klik hier


CLF'S
BOOK CLUB
BOOK A MONTH CLUB
MEMBERS RECEIVE 50% DISCOUNT ON ANY ONE BOOK PURCHASE EACH MONTH
BIBLE STUDY, SPIRITUAL GROWTH, JESUS, DEVOTIONAL, INSPIRATIONAL
info@clf.co.za
021 873 6964
shop.
Klik hier


New Publications
Klik hier


R350
10% afslag
WORD & worship
Preaching Resources and Liturgical Material
Based on the readings from the Revised Common Lectionary – Year B Advent 2023 to Pentecost XXVI 2024
g tot 30 September 2023. Netto prys. BTW ingesl. Posgeld uitgesl.
E-pos: order@clf.co.za / Koop aanlyn: shop.clf.co.za
Klik hier


VERKOOPSAGENTE VIR CLF BOEKSENTRUMS
CLF bied individue, gemeentes of organisasies die geleentheid om as Verkoopsagente vir CLF Boeksentrums aan te sluit.
1. SLUIT AAN
Kontak CLF om die nodige ooreenkomste en dokumentasie te voltooi om as Verkoopsagent vir 'n CLF Boeksentrum te registreer.
2. PRODUKTE
Verkoopsagente ontvang die fisiese voorraad produkte soos ooreengekom wat in of deur die CLF Boeksentrum ver-
3. BEMARK
Verkoopsagente bemark die produkte deur die CLF Boeksentrum aan hulle netwerke, wyer ge-meentes en op hulle digitale platvorms om sodoende verkope te genereer.
4. VERDIEN
Verkoopsagente ontvang maandeliks kommissie, soos ooreengekom vir alle verkope van die vorige maand (en waarvoor
Klik hier


DURBANVILLE BOEKWINKEL
MAAK BINNEKORT
CLF BOOKSHOP BOEKWINKEL
OOP
Klik hier


ONS DERDE VRYSTAATSE VROUEWEGBREEKNAWEEK
EINGEDI RETREAT NABY LADYBRAND
13 TOT 15 OKTOBER 2023
TEMA: WAT HET VREUGDE EN SAPPIGHEID MET MEKAAR TE DOEN?
AANBIEDER: PRETPRATER ELSABE ALDRICH
GASSPREKER: BLYDSKAPKENNER JOHANNES DE VILLIERS
Die naweektarief van R1800 sluit die volgende in:
• 2 nagte se verblyf in goedtoegeruste chalets
• 5 heerlike bederf-maaltye
• 4 Sappige Sessies deur Elsabe
• 1 Blydskapsleerskool deur Johannes
• Skryfboek, pen en ander verrassings
Vir besprekings kontak Jolanda Visser by 0828520610. Meld hoeveel in julle groepie is. 'n Deposito van R500 maak jou plek vas. Die res van die bedrag kan in paaiemente oor die volgende vier maande inbetaal word. Teen 30 September is die volle bedrag betaalbaar. Stuur betaalbewys na Jolanda by g.visser@mweb.co.za
Bankbesonderhede: E Aldrich ABSA tjekrek 4044347765 Bankkode: 334210
Elsabe se selnommer vir enige navrae: 0828959899 of 0832328784
Blydskap
Klik hier


1873 - 2023
GOD SE LEWEGEWENDE STROOM
Die verhaal van die NG Gemeente Frankfort
Dr Gerdie van der Merwe VDM
BESPREEK VOORAF!
R500
NG KERK FRANKFORT
FNB
TAK KODE: 230433
REK NR: 62638590126
VERWYSING: Gedenkboek & Naam
Inligting: 060 524 2049
Klik hier


BONfire
BRAAI MASTERS
Good meat, by good people
ARE YOU BLOEMFONTEIN'S
BEST BRAAIER?
WE ARE LOOKING FOR THE
BONFIRE BRAAI MASTER 2023!
20 teams will compete against each other at the BONfire Braai Masters competition taking place on the rooftop at BON Hotel Bloemfontein Central in celebration of Heritage Day in the ultimate urban braai-off!
WHEN
Saturday, 23 September 2023 from 10h00
WHERE
BON Hotel Bloemfontein Central rooftop parking lot
HOW
R3000 per team of two, gets you:
• all your ingredients from the pantry
• your spot on the roof
• awesome prizes up for grabs
you will be judged on team spirit, your stand, quality of the coals, technique, preparation, taste, and presentation
WHAT
Contestants need to bring:
gazebo, a braai, wood/charcoal, utensils, pots, pans, cutlery, crockery, table, chairs, linen, branded items
GIVING BACK TO
HOPE
BON HOTEL BLOEMFONTEIN CENTRAL
AWESOME PRIZES | GOOD MUSIC | CASH BAR
Klik hier

# Postgraduate Diploma in Theology at the University of the Free State

## *Are you called to serve as a leader in your church needing formal theological training?*

*Do you hunger for deeper theological knowledge and discernment?*

*Are you looking for an opportunity to develop your ministerial skills, or service pastoring and to step into your calling with confidence?*

*Do you want to experience doing theology anew within the South African context?*

*Are you curious to sense and explore more of God's presence in our midst?*

**Online applications**
https://apply.ufs.ac.za

**For more information**
Contact the academic advisor,
Ms Faciola Ntamo: Tel: 051 401 2786
Email: theology@ufs.ac.za

**Closing date for Applications**
31 October 2023

**www.ufs.ac.za/theology | theology@ufs.ac.za**

*Inspiring excellence, transforming lives through quality, impact, and care.*

VISION 130
*Renew and Reimagine for 2034*

UNIVERSITY OF THE FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA FREISTATA

UFS
THEOLOGY AND RELIGION

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE

## Pastorale Beradingskursus

**24 Oktober 2023** | 'n Aanlyn Pastorale Beradingskursus via Zoom deur prof Wentzel Coetzer, met die tema: *Aandagafleibaarheid en die Pastoraat*.

Lees meer + Registreer +

## Lentekonferensie 2023

**19-21 September 2023** | Vanjaar se Lentekonferensie te Universiteitsoord en die Universiteit van Pretoria, se tema is: "*As it is in Heaven*". *Kerkwees, die hier en nou.*




Lees meer + Registreer +

## VBO-Jaarprogram 2023

Excelsus (die Sentrum vir Bedieningsontwikkeling) se jaarprogram vir 2023.

Loer hier en teken aan +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

## PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE



Nuuswenke oor lidmate, gemeentes of ringe wat uit die boks dink om 'n verskil in hul omgewing te maak, is baie welkom.

E-pos: helene@bmedia.co.za

## BROKKIES UIT kerkbode

**Só deel jy jou storie van #loopvirhoop op Erfenisnaweek**

*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*Heléne Meissenheimer, 14 September 2023*

**#AlgemeneSinode2023: Só lyk die agenda vir saamkoms van 15-20 Oktober**

*Oorgeneem uit Kerkbode / @sinode*
*11 September 2023*

ELDERS GELEES
**Nog 'n NG streeksinode wil boere help na Vrystaat-brande**

*Oorgeneem uit Kerkbode / Nuus*
*6 September 2023*

**Sondag op Philippolis: Die leemte wat Carin van Schalkwyk laat**

*Oorgeneem uit Kerkbode / Artikels*
*Le Roux Schoeman, 5 September 2023*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Om te word wie ons is*
**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Ontmoet die toekoms*
**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

Bybel-Media

**Publikasie**
*Sonneblomme en sneeu in Oekraïne*
**Loer hier**

*Oorgeneem uit eshop.bybelmedia.org.za*

# KALENDER

Stuur alle kalender-gebeure aan **cmclean@ngkvs.co.za**

**Nuut**

## SEPTEMBER

Belangrike datums en gemeentegebeure

**2023**

**GEMEENTE**GEBEURE

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

NG Kerk Vrystaat

Loer gerus hier op die **webblad se kalender** vir alle belangrike datums en gemeentegebeure

# BETREKKINGS

VAKATURES | PREDIKANTENUUS










*OORGENEEM UIT KERKBODE*

## Predikantenuus

VRYSTAAT

Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 29 Augustus 2023, is **ds Stefan Schoeman** van Ottosdal verkies as die nuwe leraar van NG Gemeente Theunissen.

**Prop Danell Swanepoel** van Jacobsdal is beroep na NG Gemeente Jacobsdal in 'n tentmakerspos vir 'n periode van 12 maande.

*(Oorgeneem uit Kerkbode, Amptelik, 1 September 2023).*

**Ds Amos Kotze**, leraar van NG Moedergemeente Kroonstad, het op 3 September 2023 emeriteer.

**Proponent Lunette Basson** se bevestiging as leraar by NG Gemeente Theunissen-Wes vind op Saterdag 16 September 2023 om 17:00 plaas. Haar intreepreek is op Sondag 17 September om 09:30.

**Kerkbode**

**MEER INLIGTING** | woes@mweb.co.za / 023 342 6030

**Aflosleraars**

**MEER INLIGTING** | skakel@ngkvs.co.za / (051) 406 6700

# VERJAARSDAE



**Veels geluk!**

Wense
van voorspoed,
God se seëninge
en genade vir die
nuwe lewensjaar.

## SEPTEMBER »

| | | |
|---|---|---|
| 18 | Ds Fanie Spamer | REDDERSBURG |
| 20 | Ds George Whitehead | HOSPITAALPARK |
| 21 | Ds George Deysel | WINBURG |
| 21 | Ds Hennie Hattingh | KOPPIES |
| 21 | Ds Nicol Smit | STEYNSRUS |
| 26 | Girly Seyoko | SINODALE KANTOOR |
| 27 | Ds Christo Weideman | KROONHEUWEL-NOORD |

# Die Verlore Skapie

deur Martin Schwella



## Tannie Êna

"NUUS, NUUS, kom kry jou nuus!" roep die posman-poedel terwyl hy deur die strate loop en koerante aflewer.

Dit is 'n nuwe dag in Blêrfontein en die diere is elkeen besig met sy eie werkie vir die dag. Tannie Katryn-kat sit en speel met 'n bolletjie wol waarmee sy wil brei, Gert die bok is op pad om kabels te herstel langs die spoorlyn, Jasper sny die kerk se gras sodat dit vars sal wees vir die Sondag se diens en natuurlik is die skaatsplank-skape besig om te oefen vir hulle volgende kompetisie.

Daar voor die skaatsplank-park sit die blêrs, Leon en Tjoppie. Hulle is besig om te gesels oor nuwe idees vir toertjies wat Tjoppie wil probeer. Die musiek is altyd kliphard en rof daar by dié park, hoe dan nou anders?

"Hoekom hou julle so van musiek terwyl julle ry?" vra Leon vir Tjoppie. "Dit kry ons in die "zone", my blêr, dan ry ons beter en ons kan beter toertjies doen." antwoord Tjoppie heel gemaklik. "Oooh…ek sien, maar pla dit nie die ou-diere nie?" antwoord Leon heel vraend. "Nee wat," antwoord Tjoppie. "Die ou-diere kan in elk geval nie so goed hoor nie." Leon sluk sy lag en op daardie oomblik…



"LOOF HOM, LOOF HOM VIR DIE MOOIE DAG…" sing 'n hoë tannie-stem "HY IS GOED, HY IS GOED… LOOF HOM." sing die stem verder. Leon skrik so groot dat hy hop en Tjoppie koes. "Hardloop my blêr! Hier kom sy…" Tjoppie spring op om te hardloop, maar Leon sit nog heel deurmekaar. "Huh? Hardloop? Waarheen?" vra Leon. Tjoppie draai terug om vir Leon te kry, amper soos 'n soldaat wat sy kameraad wil red uit die oorlog. "Kom, dit is die mal tannie van Blêrfontein, sy gaan vir ons kom sing en bid, hardloop!" beveel Tjoppie vir Leon, maar dit is te laat. Tjoppie het vir Leon aan die arm beet, maar daar staan sy reg voor hulle. Dit is tannie Êna!

Tannie Êna is nie regtig mal nie, dit is net 'n paar diere wat dit van haar dink omdat sy gedurig loop en lofgesange hardop sing in die strate van Blêrfontein. As tannie Êna nie koekies en beskuit bak nie, is sy besig om dit uit te deel wanneer sy gaan kuier by die ander diere in die gemeenskap. Sy is bekend hiervoor, sy sing en bid vir almal en nou is dit Leon en Tjoppie wat met haar te doen kry.

**Lees meer hier, my BLÊR**

TEKS: **PSALM 16:6** (AFR 2020)

**Ds René Wessels** | Leraar van NG Gemeente Virginia

# God se **erfenis** vir ons

*Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi.*

**PSALM 16:6 (AFR 2020)**

God is ons erfenis en God is in beheer van ons erfenis. Almal wat glo, het deel aan God se erfenis. God se erfenis sorg vir ons - dit is 'n bron, die voeding van oorvloedige lewensvreugde.

God voorsien die toevlug en beskerming, Hy lei ons aardse lewe, daarom kan ons sê die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval. Ons mag dit bely, want ons is deel van hierdie wonderlike erfenis wat deur God aan ons gegee word. Ons het die voorreg om deel van dit alles te wees.

Ons lewe is ook nie net altyd lieflik en vrolik nie, ons beleef die druk en uitdagings van die lewe, maar omdat ons geloof en vertroue gevestig is in God, weet ons dit is lieflike plekke, dinge en mense wat God oor ons pad stuur volgens Sy wil en plan vir ons erfenis. Juis daarom kan ons by Dawid leer in reaksie op hierdie gedeelte, hy trek dit nader na homself en hoe hy sy persoonlike verhouding met God sien: Alles wat ek ontvang, dis afgemeet spesiaal vir my en daarom is my erfenis vir my genoeg en mooi.

Alles wat ek ontvang, kom van U af. Dit is my toevlug, my erfenis is vir my aangenaam, want God ondersteun my erfenis.

Die vraag wat ons onsself moet vra, is: Leef ons in dankbaarheid en met verantwoordelikheid teenoor ons erfenis wat ons ontvang? Ons moet steeds elke dag verantwoordelikheid vat vir ons erfenis en in geloof die pad stap saam en na God toe.

As God deel is van ons erfenis en dit ondersteun, sal ons altyd kan sê: "Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, ja, my erfenis is vir my mooi." Mag ons leef met die wete dat ons deel vorm van God se erfenis en dat God deel is van ons erfenis elke dag.

Lees hier »



Foto: **Ds René Wessels**

# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

Nuusgebeure | Bydraes | Inligting
voor 12:00 Dinsdae na
cmclean@ngkvs.co.za




# Samestellers

Celicia McLean (Redaksioneel)
**cmclean@ngkvs.co.za**

Carlie Niehaus
**carlie@ngkvs.co.za**

**skakel@ngkvs.co.za**

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg | Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

@NGKERKVRYSTAATAMP • NGKERKVRYSTAAT.CO.ZA

Teken in op **VRYPOS** | Kanselleer **VRYPOS**

© 2023 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



NG KERK VRYSTAAT | © **2023**
Departement Kommunikasie en Bemarking